5 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 8; 10:23-11:1**

Vryheid se grens : liefde

Daar is twee soorte kennis: koue verstandskennis en kennis-in-liefde. Eersgenoemde werk net met harde feite en maak verwaand. Laasgenoemde funksioneer binne verhoudinge en bou ander mense op. God ken ons genadiglik binne die liefdesverhouding van sy verbond. As Hy ons koud en van ver af en onbewoë geken het, sou Hy nooit sy enigste geliefde Seun vir ons sondes geoffer het nie!

Só moet ons ook mekaar ken: in liefde. Met deernis vir medegelowiges met ‘n “swak gewete”, bedag daarop om nie hul val te veroorsaak nie (verse 9-13). Dit vereis van ons om af te klim van ons verwaande koue-kennis-trone (vers 2): om bereid te wees om die vryheid wat feitekennis meebring, aan hul geloofsbelang ondergeskik te stel (10:29-11:1).

Al weet jy dat chemiese middels “veilig” is onder mediese toesig, is dit gevaarlik vir jou kind om te sien hoe jy skynbaar vir elke bakatel pille sluk. Al weet jy hoe om alkohol te hanteer, hou jou tienerseun jou fyn dop as jy saans ‘n drankie skink. Al weet jy die vere maak nie die voël nie, is klere met sinlike simbole en suggestiewe slagspreuke vir jou tiener iets wesenliks vir groepsidentifikasie.

Wend jy jou volwasse, verstandskennis só aan dat dit jou kinders in hul geloof opbou? Is jy bereid om jou vryheid ondergeskik te stel aan hul onvolwasse, swak gewete? Dalk moet jy weer na Paulus en Christus se voorbeeld kyk! (10:23; 11:1).

Sing: Psalm 16:1,2 Ds J Botha (Laeveld)